Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

12 Februarie 2020

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 2 VAN 2020

I.S. ATLETIEK, VEILIGHEID, ENS.

Op Maandag, 17 Februarie 2020 vind die jaarlikse atletiek Interlaer byeenkoms by Ruimsig stadion plaas. Die program begin reeds vroeg en van ons personeel sal as beamptes optree.

Dit sal dus nie moontlik wees om met die skool se normale akademiese program aan te gaan nie. Die skool sal steeds oop wees, maar slegs vir noodsaaklike toesig. Ouers van nie-atlete kan self besluit of hulle kinders skool bywoon of nie. Geen afwesighede op Maandag, 17 Februarie sal in berekening geneem word vir sertifikate nie. Skoolklere, reëls en tye geld vir alle leerders wat wel skool toe kom. Die nasorgdiens is steeds beskikbaar soos normaalweg. Geen ander sport of kultuuraktiwiteite sal na skool plaasvind nie. Ons wil graag al ons atlete wat Maandag gaan deelneem sterkte en voorspoed toewens. Ons glo en vertrou dat julle spogprestasies gaan lewer.

VEILIGHEID VAN LEERDERS

Ons ervaar dat baie ouers die terrein betree in die oggende voor skool. Dit maak die toepassing van effektiewe veiligheid en sekuriteit moeilik. Ons wil graag 'n versoek rig dat u slegs u kind af laai in die oggende voor skool, en so gou moontlik vertrek. Dit sal ook verkeersvloei verbeter.

Die beheerliggaam het dit ook goedgedink om weer 'n volledige veiligheids analise van die fasiliteite en terrein te doen met behulp van 'n buite maatskappy.

Ons vra ook weer dat u asseblief weer met u kind sal praat oor padveiligheid, veiligheid in en om die huis, optrede teenoor vreendelinge, ens.

GEDRAG EN DISSIPLINE

Die skool gaan dié jaar steeds daarop fokus om goeie dissipline by die skool te bevorder. Daar gaan streng opgetree word teen bakleiery, afknouery, vuil taalgebruik en swak gedrag in die klaskamer. Ons vra asseblief dat u gereeld met u kind hieroor sal praat.

VALENTYNSDAG

Vrydag is Valentynsdag! Ons wil graag die leiers bedank wat so hard gewerk het om Valentynsgeskenke te verkoop om fondse vir die skool in te samel. Al die kinders mag Vrydag gewone klere aantrek, verkieslik met rooi, wit of pienk.

Byvoorbaat dankie vir almal se samewerking en ondersteuning.

Haviegroete.

R DU PREEZ
WND/HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.